

6 September

Lukas 18:9-14 (Teks: 18:14)

Het jy die Geneesheer nodig?

(NGB 20: God se regverdigheid en barmhartigheid)

Die sonde, geliefde leser, wat SOOS 'N "SIEKTE" in elke mens skuil, is só verskriklik dat God dit met die Ewige Dood gestraf het!

In ons gelykenis ontmoet ons 'n man wat te kenne gee: Ag wat, my sonde is nie so erg nie. Ja, die Fariseër ag homself gelukkig dat hy darem nie so sleg was soos die ander "sondaars" om hom nie. Hy was só bly hy was nie 'n moordenaar of egbreker of dief nie. Ja, dat hy nie so laag gedaal het soos die skelm tollenaar hier langs hom nie. In werklikheid vind die Fariseër genoeg rede om homself by God aan te prys. Hy lys sy goeie werke: Hy vas gereeld, gee sy tiendes en gee selfs meer as wat van hom verwag word. Daarmee styg hy in sy eie oë hoër in verdienste by God as die ander mense. MAAR, die Fariseër weeg by God te lig! Hy was tipies die "gesonde mens" wat die dokter nie nodig gehad het nie. In sy hele gebed hoor jy net Ek ... Ek ... Ek... Daar is kwalik nog vir God ook plek.

Die Tollenaar daarenteen het 'n diep gewortelde sondebef gehad. Hy was werklik hartseer oor sy sonde. Hy het besef hoe swak en ellendig hy was. Hy was in sy eie oë niks... God was alles. Daarom kom lê hy die volle vraag van sy lewe voor God neer. Hy weet God sal hom genadig wees. Hy was die siek man wat die geneesheer nodig gehad het. Vir hom kon Christus nog iets doen... sy lewe red deur aan hom vergifnis van sonde te skenk.

Het jy vandag die Geneesheer nodig, geliefde leser? As jy kan sê: O God, wees my, sondaar, genadig; as jy maar besef hoe swak jy is om die dag in te gaan... dan sal Jesus Christus jou genade skenk, want Hy sal 'n gebroke hart en verslae gees nie wegwys nie.

Ds. C.J. van Vuuren (Vaalharts)